higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

11 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en ’n antwoordboek van 17 bladsye.

554Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die aangehegde ANTWOORDBOEK.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Wys alle berekenings.
5. Gebruik die onderstaande tabel as riglyn van hoeveel tyd aan elke vraag bestee moet word.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG NOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDRIGLYN
1	Kortvrae ALLE onderwerpe	40	36
2	Bereken belasting op toegevoegde waarde-transaksies en teken dit aan	40	36
3	Berei die salaris-/loonjoernaal voor Die kleinkasstelsel	40	36
4	Stel rekonsiliasiestaat op Debiteure-/krediteurerekonsiliasie	40	36
5	Basiese handadministrasie van niebedryfsbates Debiteuregrootboek	40	36
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Alle dokumente en rekords wat met belastingberekenings verband hou, moet kragtens wetgewing vir ’n tydperk van ... gestoor word.

A vyf
B drie
C ses
D twee

1.1.2 Die totaal van ’n belastingfaktuur van goedere wat vir R3 210 (BTW uitgesluit) gekoop is, is …

A R481,50
B R2 728,50
C R3 691,50
D R418,69

1.1.3 ’n Uitstaande tjek wat ouer as ses maande is, is ’n ... tjek.

A debiet
B verjaarde
C vooruitgedateerde
D gehonoreerde

1.1.4 ’n ... is ’n dokument wat die aankoop van klein items geldig verklaar.

A tjekteenblaadjie
B belastingfaktuur
C oorspronklike kwitansie
D kleinkasbewys

1.1.5 Openbare-onderwysdienste is ’n voorbeeld van ... dienste.

A nulkoers-
B standaardkoers-
C BTW-vrygestelde
D heersendekoers-

Kopiereg voorbehou

1.1.6 ... is gelde wat volgens die bankstaat afgetrek word vir dienste wat die finansiële instelling gelewer het.

A Bankkoste
B Rente op lenings
C Finansiële gelde
D Diverse uitgawes

1.1.7 The Crown (Edms) Bpk is ’n kategorie C- BTW-ondernemer met ’n omset van meer as dertig miljoen rand per jaar. Hul belastingopgawetydperk sal ... wees.

A tweemaandeliks
B sesmaandeliks
C maandeliks
D viermaandeliks

1.1.8 Die ... -joernaal word gebruik om alle kleinbedragtransaksies op te teken.

A kaskontantbetalings
B kleinkas
C kontantontvangste
D krediteure

1.1.9 Watter EEN van die volgende maak nie deel uit van die nominale gedeelte van die proefbalans nie?

A Verkope
B Lone
C Kapitaal
D Salarisse

1.1.10 ’n Belastingfaktuur vir R6 500 (BTW ingesluit) is aan T Trevors uitgereik.

Die prys BTW uitgesluit is …

A R847,82
B R5 652,18
C R975
D R5 525

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die (inset/uitset) -BTW is die bedrag BTW wat deur die onderneming gehef word op goedere wat aan kliënte verkoop word.

1.2.2 Ondernemers wat vrygestelde verskaffers is, (kan/kan nie) inset-BTW eis wat op aankope betaal word nie.

1.2.3 (BTW/LBS) -belasting is 'n verpligte statutêre bedrag wat deur elke werknemer betaalbaar is.

1.2.4 (Lone/Salarisse) is 'n vergoeding wat gewoonlik bereken word op die aantal ure gewerk en word normaalweg per week betaal.

1.2.5 Deposito's op die bankstaat staan ook bekend as die (krediet/debiet) -bedrae.

1.2.6 Wanneer inset-BTW meer as uitset-BTW is, is die verskil (betaalbaar/terugbetaalbaar).

1.2.7 Die (Kontantontvangste/Kontantbetalings) -joernaal word met die debiete op die bankstaat vergelyk.

1.2.8 Die metode waarvolgens elke maand met 'n vaste bedrag geld in die kleinkas begin word, staan bekend as die (voorskot/veranderende saldo) -stelsel.

1.2.9 Rente op die oortrokke rekening wat op 'n bankstaat aangedui word, is 'n (inkomste/uitgawe) vir die onderneming.

1.2.10 'n Bedrag vir 'n mediese fonds is 'n (vrywillige/verpligte) aftrekking van 'n werknemer se salaris.

(10 × 1) (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 BTW-totale uit aanvullende joernale word in die ..., in die algemene grootboek, opgeteken.

1.3.2 'n ... word van 'n finansiële instelling ontvang en dui 'n opgawe van debiete en krediete van die onderneming aan.

1.3.3 'n Lys saldo's van kliënte met uitstaande krediet word uit die ... -grootboek saamgestel.

1.3.4 Die huidige standaardkoers van BTW in Suid-Afrika is …

1.3.5 Die bruto loon minus totale aftrekkings staan bekend as die …

Kopiereg voorbehou

1.3.6 ’n Pensioenfondsaftrekking word altyd volgens die ... salaris of loon van ’n werknemer bereken.

1.3.7 ’n Onderneming wat vir BTW-doeleindes geregistreer is, staan bekend as ’n ...

1.3.8 ’n Individu se bruto salaris minus pensioenfondsbydrae staan bekend as die ... inkomste.

1.3.9 ’n Indirekte belasting wat deur die staat op goedere en dienste gehef word, staan bekend as ...

1.3.10 ’n ... kan geïdentifiseer word wanneer die krediteurekontrole-rekening met die krediteurelys vergelyk word.

(10 × 1) (10)

1.4 Kies ’n item uit die lys hier onder wat pas by elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

debietorder; kaskontant; vooruitgedateerde; belastingfaktuur; handelskorting; debiteur; krediet; verhandelbare; BTW201; debiet; rekonsiliasie; krediteuretoelae-joernaal

1.4.1 ’n Opgawe vir betaling aan die SAID word gedoen deur hierdie vorm te voltooi.

1.4.2 ’n Individu wat geld aan die onderneming skuld

1.4.3 Hierdie dokument bevat ’n lys van goedere of dienste, tesame met die pryse, wat aan ’n onderneming verskaf is

1.4.4 Die proses waarvolgens syfers van rekeningkundige stukke (‘records’) by dié in die bankstaat gepas of daarmee vergelyk word.

1.4.5 Insetbelasting word aan hierdie kant van die BTW-kontrolerekening opgeteken.

1.4.6 Die som geld wat in die onderneming gehou word om kleingeld te voorsien.

1.4.7 ’n Tjek wat ’n belofte verteenwoordig om die onderneming later te krediteer.

1.4.8 ’n Verlaging in prys tussen die vervaardiger en ’n verspreider

1.4.9 ’n Opdrag aan die bank om geld af te trek en dit aan ’n spesifieke begunstigde te betaal

1.4.10 Dit word gebruik om alle terugsendings van goedere en dienste aan verskaffers op te teken

(10 × 1) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Lalapanzi Traders is 'n geregistreerde BTW-ondernemer. Die onderneming teken BTW teen 15% op die faktuurbasis aan.

Let wel: Lalapanzi Traders gebruik nie afsonderlike BTW-inset en uitsetrekeninge nie, maar pos direk na die BTW-kontrolerekening.

Alle bedrae is *BTW uitgesluit.*

TRANSAKSIES

Jan 2019	02	Betaal R3 500 per tjek no. 100 vir water en elektrisiteit aan Thulamela Munisipaliteit.
	05	Ontvang 'n kontantfaktuur vir R28 500 van HT Wholesalers vir goedere aangekoop en betaal per tjek no. 101.
	07	Kontantverkope van handelsware volgens die kasregisterrol, R15 200. Koste van verkope R10 200.
	10	'n Oorspronklike kwitansie vir R5 600 is uitgereik aan BS Arnold vir goedere vir kontant verkoop. Koste van verkope R3 250.
	12	'n Oorspronklike faktuur no. 25 is uitgereik aan H. Hobwane vir handelsware op krediet verkoop, R3 150. Koste van verkope R1 230.
	18	'n Oorspronklike faktuur no. 15 is ontvang van Maanda (Edms) Bpk vir goedere op krediet gekoop, R4 550.
	22	Tjek no. 102 is uitgereik vir lone, R3 500.
	27	Duplikaatdebietnota no. 65 is uitgereik aan Maanda (Edms) Bpk vir goedere nie volgens spesifikasie, R1 250.
	30	'n Kredietnota no. 12 uitgereik aan H. Hobwane vir goedere terugbesorg, R650. Koste van verkope R320.

GEVRA

2.1 Teken die bostaande transaksies in die toepaslike hulpjoernale op vir Januarie 2019. Tel slegs die BTW-kolomme in al die joernale aan die einde van die maand bymekaar. (32)

2.2 Pos SLEGS na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (8)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Die volgende inligting word verskaf om die loonjoernaal van Wisdom Practice Bpk voor te berei.

Die werknemers word 'n uurtarief betaal vir 'n werksweek van 40 uur.

Besonderhede van ure gewerk en besoldiging vir die week geëindig 30 Junie 2019:

Name	Huwelikstatus	Ure geklok	Normale tarief per uur	Oortydtarief
J. Mtati	Enkellopend	55	R75	1,5 keer normale tarief
R. Rooney	Getroud, met 2 kinders	48	R80	Twee keer normale tarief

AFTREKKINGS

- Belasting (LBS): 18% van belasbare inkomste.
- Mediesefondsbydraes word soos volg afgetrek:

– R200 per week vir enkellopende persone.

– R100 per week vir getroude persone en 'n bykomende bydrae van R65 per afhanklike.

- Pensioenfonds: 7,5% van normale loon van werknemer. Die werkgewer dra R2 by vir elke R1 wat die werknemer bydra.
- Mediese fonds: Werkgewer dra R2,50 by vir elke R1 wat die werknemer bydra.
- WVF: 1% van werknemer se bruto inkomste. Die werkgewer dra dieselfde persentasie by.

GEVRA

Voltooi die loonjoernaal vir Wisdom Practice Bpk vir die week geëindig 30 Junie 2019. Moet nie die loonjoernaalkolomme bymekaartel nie.

LET WEL: Rond syfers tot TWEE desimale af.

Geen boeking word verlang nie. (21)

3.2 Die kleinkastransaksies hier onder is afkomstig uit die boeke van Pramjee Bpk vir die maand Junie 2019. Die onderneming gebruik die voorskotstelselmetode.

LET WEL: Toepaslike bedrae is BTW ingesluit.

Junie 2019	03	Koop 'n besem van Clickets teen R150 en reik kleinkasbewys no. 01 uit.
	08	Koop penne en potlode van CAN teen R65 en reik kleinkasbewys no. 02 uit.
	10	Koeldranke, tee en koffie word aangekoop vir besoekers aan die maatskappy teen R110 en kleinkasbewys no. 03 word uitgereik.
	14	Stuur 'n pakkie per pos en betaal R45. Reik kleinkasbewys no. 04 uit.
	28	Kleinkasbewys no. 05 vir R100 word uitgereik om 'n plaaslike werker te betaal om die onderneming se terrein skoon te maak.

GEVRA

3.2.1 Voltooi die kleinkasjoernaal van Pramjee Bpk vir Junie 2019. Tel SLEGS die kleinkaskolom op. (13)

3.2.2 Plaas oor na die kleinkasrekening in die algemene grootboek en balanseer die rekening aan die einde van die maand. Herstel die voorskotbedrag.

LET WEL: Op 1 Junie 2019 is 'n kontanttjek van R1 000 aan die kleinkashouer uitgereik. (6)
[40]

VRAAG 4

Blue Bird Suppliers verskaf die volgende inligting vir hul finansiële jaar geëindig 30 November 2019.

INLIGTING

1. Daar is 'n debietsaldo volgens die bankrekening: R18 350.

2. Die kontantontvangstejoernaal dui 'n bankkolomtotaal van R436 160 aan en die kontantbetalingsjoernaal het 'n bankkolomtotaal van R692 130 op 30 November 2019.

Kopiereg voorbehou

3. ’n Vergelyking tussen die bankstaat en die kasboek op 30 November 2019 het die volgende verskille blootgelê:

(a) Die bankstaat het ’n debietsaldo van R230 180 gegee.

(b) Die bank het nog nie ’n deposito van R7 800, wat op 30 November 2019 gedoen is, gekrediteer nie.

(c) Die volgende tjeks is nog NIE vir betaling aangebied nie:

No. 908	R3 780
No. 912	R14 060

(d) T. Budd het R2 500 direk in die lopende rekening van die onderneming gedeponeer, as betaling van sy huurrekening.

(e) Die bank het die lopende rekening van Blue Bird Suppliers met die volgende bedrae gedebiteer:

Diensgeld	R790
Belastingheffings	R35
Rente op oortrokke rekening	R155

(f) ’n Tjek van R1 700 ontvang van ’n debiteur, P. Mavhungu, is gedishonoreer weens onvoldoende fondse.

(g) Die bankstaat dui ’n stoporder van R1 750 aan ten gunste van MTN vir sakeoproepe.

(h) ’n Bedrag van R670, betaal aan Bakwena BK, was ter vereffening van ’n rekening en gedebiteer op die bankstaat.

GEVRA

4.1 Doen aanvullende inskrywings in die kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal. Tel slegs die bankkolom in albei joernale op 30 November 2019 op. (16)

4.2 Plaas oor na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die bankrekening. (4)

4.3 Berei die bankrekonsiliasiestaat van Blue Bird Suppliers vir November 2019 voor. (6)

Kopiereg voorbehou

4.4 Die volgende inligting is vir Julie 2019 uit die boeke van Debra More Stores geneem. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Debiteurekontrole	R9 840
Debiteurelys	R9 440
Krediteurekontrole	R4 520
Krediteurelys	R4 221

Teenstrydighede en foute is aangetref gedurende die maand Julie 2019, soos volg:

(a) Die totaal van die debiteurekontrolekolom van R300 in die kontantontvangstejoernaal is verkeerdelik na die debietkant van die debiteurekontrolerekening oorgeplaas.

(b) 'n Debietnota van R51 in die krediteurekortingsjoernaal is nie na die krediteuregrootboekrekening oorgeplaas nie.

(c) Die rekening van 'n debiteur in die debiteuregrootboek is verkeerd gebalanseer. Die saldo behoort R650 te wees en nie R550 nie.

(d) Die krediteurekontrolekolom in die krediteurejoernaal is verkeerdelik bygetel as R170 in plaas van R160 en as sodanig ingeskryf.

(e) Die saldo van 'n krediteuregrootboekrekening is uit die krediteurelys weggelaat, R340.

GEVRA

Gebruik die bostaande inligting om die toepaslike inskrywings te doen.

4.4.1 Bring die nodige korreksies aan om die lyste met die kontrolerekeninge te rekonsilieer. Skryf die antwoord langs die letter (a–e) in die korrekte kolom(me) neer.

BYVOORBEELD:
Die totaal van die verkopekolom is verkeerdelik in die debiteurekontrole as R200 ingeskryf.

Debiteurekontrole		**Debiteurelys**		**Krediteurekontrole**		**Krediteurelys**	
Debiet	**Krediet**	**Debiet**	**Krediet**	**Debiet**	**Krediet**	**Debiet**	**Krediet**
200							

(5)

4.4.2 Bereken die finale saldo's en totale van die debiteurekontrole, debiteurelys, krediteurekontrole en krediteurelys. (9)

[40]

VRAAG 5

5.1 Die inligting hier onder is uit die bateregister van Deli Curry Restaurant geneem. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Die beleid van die organisasie is om alle toerusting teen ’n koers van 15% per jaar te depresieer deur gebruikmaking van die reguitlynmetode. Die jaar eindig op 30 October 2019.

Batebeskrywing	Defy-wasmasjien
Gekoop by	Game Stores
Bateregistrasieno.	DWD1589
Datum aangekoop	1 Junie 2017
Kosprys	R25 000

Voltooi die bateregister van Deli Curry Restaurant. (16)

5.2 Die volgende inligting verskyn in die boeke van M. Mbado vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

Hul boeke gee die volgende saldo’s op die finansiële jaareinde aan:

Toerusting R145 500
Opgelope waardevermindering R50 700

Op 28 Februarie 2019 het die onderneming een van hul industriële kopieerders teen ’n kosprys van R60 200 verkoop. Die opgelope waardevermindering teen die verkooptyd was R38 000. ’n Bedrag van R15 600 is in kontant vir die transaksie betaal.

GEVRA

Gebruik die bostaande inligting om die volgende rekeninge te voltooi:

5.2.1 Kantoortoerusting (5)

5.2.2 Opgelope waardevermindering (5)

5.2.3 Batewegdoening (6)

Kopiereg voorbehou

5.3 Bestudeer die debiteuregrootboek van WE Recycle hier onder en beantwoord die vrae.

DEBITEUREGROOTBOEK VAN WE RECYCLE D1

Datum	Besonderhede	Joernaal	Debiet	Krediet	Saldo
Mei 1	Rekening gelewer	a/b			5 600
4	Faktuur 121	DJ	300		
6	Kredietnota CC10	DKJ		150	
8	Joernaalbewys	AJ	75		5 825
20	Ontvangsbewys 201	KOJ		2 300	

5.3.1 Verduidelik die transaksie op 4 Mei.

5.3.2 Verduidelik die transaksie op 6 Mei.

5.3.3 Verduidelik die transaksie wat op 8 Mei plaasgevind het.

5.3.4 Bereken die saldo op 20 Mei.

(4 × 2) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou